TELEMATIESE
SKOLE PROJEK

# 2023 VAKWERKBOEK
# Graad 10

# EKONOMIE

'n Gemeenskaplike inisiatief tussen die Wes-Kaapse Onderwysdepartement en die Universiteit Stellenbosch.

Western Cape Government
FOR YOU
Education

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

## UITSAAI SESSIES

**GRAAD 10** EKONOMIE

| Sessie | Datum | Tyd | Onderwerp |
|---|---|---|---|
| **Ekonomie** | **02/05/2023** | **16h00-17h00** | **Ekonomiese Kringloop** |
| Economics | 08/05/2023 | 16h00-17h00 | Circular Flow |
| **Economics** | **01/11/2023** | **15h00-16h00** | **Business Cycles** |
| Ekonomie | 02/11/2023 | 15h00-16h00 | Sakesiklusse |

# INLEIDING EN ONDERWERPE

## INLEIDING

Welkom aan Ekonomie Graad 10-leerders. In hierdie werkboek gaan ons kyk na die belangrikste konsepte wat jy nodig sal hê vir die studie van Ekonomie.
Vir Kwartaal 1 gaan ons Die Ekonomiese kringloop en Sakesiklusse hersien wat die basis vorm om Ekonomie te verstaan.
In Kwartaal 2 sal ons fokus op Vraag, Aanbod en Prysvorming wat die basis vir Mikro-ekonomie is. Mag ek jou net op hierdie tydstip waarsku dat dit 'n afdeling is wat die meeste Ekonomie-leerders uitdagend vind.
Belangrik om te onthou om altyd alle konsepte te leer wat aan die begin van elke onderwerp gegee word, aangesien dit sal help met beide Afdeling A- en Afdeling B-vrae in 'n toets of eksamen.
Hou asseblief in gedagte dat Ekonomie nie net 'n vak is om punte aan te teken nie, maar 'n vak wat probeer om jou 'n beter begrip te gee van hoe die wêreld om jou funksioneer en om jou toe te rus om 'n produktiewe burger in ons ekonomie te kan wees.
Geniet dit!

| Term | Beskrywing |
|---|---|
| **Ekonomiese kringloop** | Toon die vloei **van goedere en dienste, produksiefaktore en geld in 'n ekonomie** |
| Sakesiklus | Fluktuasies in die ekonomie |
| **Vraag** | **Gewilligheid van verbruikers om produkte te koop** |
| Aanbod | Gewilligheid van produsente om produkte aan te beid. |
| **Prysvorming** | **Vasstelling van pryse deur vraag en aanbod** |

# TERMINOLOGIE VAN EKONOMIESE KRINGLOOP

| Term | Beskrywing |
|---|---|
| GESLOTE EKONOMIE | Ekonomie wat nie die buitelandse sektor insluit nie. |
| **OOP EKONOMIE** | **Ekonomie wat met die buitelandse sektor handel dryf.** |
| BRUTO BINNELANDSE PRODUK (BBP) | Die totale waarde van alle finale goedere en dienste geproduseer binne die grense van 'n land vir 'n spesifieke tydperk |
| **BRUTO NASIONALE PRODUK (BNP)** | **Die totale waarde van alle finale goedere en dienste geproduseer deur die permanente inwoners van die land vir 'n spesifieke tydperk** |
| REËLE VLOEI | Die vloei van goedere en dienste en produksiefaktore tussen deelnemers |
| GELDVLOEI | Die vloei van inkome en besteding tussen die deelnemers |
| | |


# TERMINOLOGIE VAN EKONOMIESE KRINGLOOP

| Term | Definisie |
|---|---|
| UITVOERE (X) | Goedere en dienste wat plaaslik geproduseer en buite die grense van die land verkoop word |
| **INVOERE (M)** | **Goedere en dienste wat in ander lande geproduseer word en deur plaaslike firmas en huishoudings gekoop word** |
| INSPUITINGS (J) | Invloe van geld in die ekonomie deur belegging (I), staatsbesteding (G) en betaling vir uitvoere (X) |
| **LEKKASIES (L)** | **geld wat uit die sirkelvloei onttrek word, bv. Spaar (S), Belasting (T) en invoerbesteding (M)** |
| INVESTERING (I) | Besteding van firmas op kapitaalgoedere |
| Owerheid (G) | Besteding deur die owerheidsektor |

## TERMINOLOGIE VAN EKONOMIESE KRINGLOOP

| Term | Beskrywing |
|---|---|
| BESPARING (S) | Die gedeelte van inkome wat nie bestee word nie |
| **BELASTING (T)** | **'n Verpligte betaling gemaak deur private individue en firmas aan die regering met geen direkte voordeel nie** |
| FAKTORMARK | Mark waar produksiefaktore verhandel word |
| **GOEDERE/PRODUKTE MARK** | **Mark waar goedere en dienste mee handel gedryf word.** |
| FINAn\NSIELE MARK | Mark waar korttermyn en langtermyn bates verhandel word |
| BUITELANDSE VALUTAMARK | **Mark waar een land se geldeenheid vir 'n ander land se geldeenheid verhandel word** |

## DIAGRAM: EKONOMIESE KRINGLOOP



# SESSIE 1 | EKONOMIESE KRINGLOOP

## OPSOMMING

### WAT JY MOET WEET

Die verskil tussen 'n oop en geslote ekonomie.

Die rol van die deelnemers in die ekonomiese kringloop.

**OOP EKONOMIE**

'n Oop ekonomie het VIER deelnemers:

- Huishoudings
- Firmas
- Regering
- Buitelandse sektor

**GESLOTE EKONOMIE**

'n Geslote ekonomie het DRIE deelnemers:

- Huishoudings
- Firmas
- Regering

ROL VAN DEELNEMERS:

HUISHOUDINGS / VERBRUIKERS:

- groot verbruikers van ekonomiese goedere en dienste
- primêre ekonomiese deelnemers – eienaars van die produksiefaktore
- verantwoordelik vir die verkoop van produksiefaktore
- ontvang vergoeding in die vorm van lone, huur, rente en wins

FIRMAS / BESIGHEIDE:

- koop produksiefaktore van huishoudings
- gebruik produksiefaktore om goedere en dienste te produseer
- verkoop goedere en dienste aan huishoudings, regering en buitelandse sektor

STAAT:

- plaaslike, streeks- en nasionale regering
- ontvang belasting van huishoudings en firmas
- verskaf openbare goedere en dienste

BUITELANDSE SEKTOR:

- invoere word as 'n lekkasie beskou
- uitvoere word as 'n inspuiting beskou

## SESSIE 1 | VOEG U ONDERWERP HIER IN

### WERKBLAD

ONDERWERP:
EKONOMIESE KRINGLOOP

### Vraag 01

Wat is die formule vir die berekening van BBP?
(2 punte)

### Antwoord 01

---------------------------------
---------------------------------
---------------------------------
---------------------------------
---------------------------------

### Vraag 02

Onderskei tussen BBP en BNP.
(4 punte)

### Antwoord 02

---------------------------------
---------------------------------
---------------------------------
---------------------------------
---------------------------------

### Vraag 03

Bespreek die rol van huishoudings in die ekonomiese kringloop.
(8 punte)


### Antwoord 03

---------------------------------
---------------------------------
---------------------------------
---------------------------------
---------------------------------

# TERMINOLOGIE VAN SAKESIKLUS

| Term | Beskrywing |
|---|---|
| SAKESIKLUS | Opeenvolgende periodes van opswaai en afswaai in ekonomiese aktiwiteite |
| **DEPRESSIE** | **Ekonomiese aktiwiteite is op sy laagste punt** |
| RESESSIE | Negatiewe ekonomiese groei vir twee opeenvolgende kwartale |
| **PIEK** | **Boonste draaipunt waar ekonomiese groei op sy hoogste is** |
| TROG | Laagste draaipunt waar ekonomiese groei op sy laagste is |
| EKONOMIESE AANWYSER | Word gebruik om tendense in die ekonomie te meet |
| | |

## DIAGRAM: SAKESIKLUS






Western Cape Government
Education
FOR YOU
Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

## SESSIE 1 | EKONOMIESE KRINGLOOP

### OPSOMMING

WAT JY MOET WEET

Bespreek die fases van die sakesiklus.

Verduidelik die redes/oorsake vir sakesiklusse.

FASES VAN SAKESIKLUS

Herstel
- tyd van hernieude ekonomiese groei
- meer werksgeleenthede
- Produksie neem toe

Voorspoed
- groot mate van optimisme in die ekonomie
- entrepreneurs leen meer geld om masjiene te koop en toerusting
- indiensnemingsvlakke styg
- kan lei tot inflasie

Resessie
- daar is negatiewe ekonomiese groei vir TWEE opeenvolgende kwartale
- werk gaan verlore en 'n gevoel van pessimisme

Depressie
- geen EEN land kan in depressie gaan nie, dit is 'n wêreldgebeurtenis
- geld tekort, lei tot afname in besteding
- negatiewe impak op beleggingsbesteding

LET WEL: trog en piek is draaipunte en nie fases nie!

REDES/OORSAKE

MONETARISTIESE BENADERING/EKSOGENE FAKTORE
- Glo markte is inherent stabiel
- Ongelykheid veroorsaak deur weerstoestande en markskokke
- Markkragte sal ekonomie in ewewig hou
- Regerings moet nie ingryp in markte nie

KEYNESIAANSE BENADERING/ENDOGENE FAKTORE
- Glo markte is inherent onstabiel
- Pryse is nie buigsaam genoeg nie
- Indirekte skakels of wanverhoudings tussen vraag en aanbod is normale kenmerke van die ekonomie
- Regeringsingryping in markte is nodig

SESSIE 1 | VOEG U ONDERWERP HIER IN

## KLASBESPREKINGS

ONDERWERP:
MAKROEKONOMIE

## Probleem 01

**Hoe kan 'n inspuiting die Suid-Afrikaanse ekonomie bevoordeel?**

- 'n Inspuiting vind plaas wanneer geld by die sirkelvloei gevoeg word.
- Dit bestaan uit uitvoere, staatsbesteding en investering. Beantwoord nie HOE nie
- Belegging sluit die aankoop van kapitaalgoedere, toerusting en masjinerie in, meer werksgeleenthede word geskep.
- Verbetering in die lewenstandaard van mense in die ekonomie.
- Beide uitvoere en beleggings sal daartoe lei dat meer geld na SA vloei, of meer produksie in SA en sodoende die SA ekonomie bevoordeel.
- Betaling vir uitvoergoedere en -dienste vloei die land binne en word in die sirkelvloei ingespuit.

## Probleem 02

**Waarom sal 'n resessie die ekonomies kwesbares negatief beïnvloed?**

- Hulle het nie kennis van skemas of noodlenigingsdienste om hulle by te staan nie.
- Hulle het 'n swak vlak van geletterdheid om inligting te bekom en te interpreteer.
- Hul isolasie (soos landelike gebiede) lei daartoe dat hulle nie weet van, of dit moeilik vind om toegang tot fasiliteite of dienste te kry nie.
- Hulle is nie in staat om hulself te organiseer nie, so hulle het 'n tekort aan kollektiewe pogings.
- Die hoë koste van mediese fonds, werkloosheidsversekering en pensioenfondsbydraes laat hulle met verminderde sekuriteit.
- Bejaardes se inkomste verminder wanneer rentekoerse daal en hoë inflasie verminder die koopkrag van hul pensioenfondse.

## Probleem 03

**Hoe kan ekonomiese aanwysers gebruik word vir die voorspelling van sakesiklusse?**

- Toon die prestasie van die ekonomie, bv. as kleinhandelverkope toeneem, word uitbreiding van die ekonomie voorgestel en omgekeerd.
- Deur die leidende aanwyser te gebruik, sal die toekomstige prestasie van die ekonomie voorspel word.
- Deur samevallende aanwyser te gebruik, sal die huidige stand van die ekonomie bekend wees.

# OPSOMMING VAN VANDAG SE KLAS

## Opsomming 01

Die Ekonomiese kringloop is 'n vereenvoudiging van hoe die ekonomie werk

## Opsomming 02

Daar is VIER deelnemers aan 'n oop ekonomie. Suid-Afrika het 'n oop ekonomie omdat ons met ander lande handel dryf. Ons grootste handelsvennoot is China.

## Opsomming 03

Sakesiklus verwys na die verskynsel van periodes van toenemende en dalende ekonomiese aktiwiteit

## Opsomming 04

Hoe langer 'n sakesiklus is, hoe sterker is die ekonomie. Elke ekonomie wil 'n opswaai hê, want dit beteken werkskepping. 'n Afswaai is slegte nuus omdat mense hul werk verloor en dit lei tot armoede

## AKTIWITEIT

### MAKROEKONOMIE

**Vul die ontbrekende woord/woorde in:**

- Die onttrekking van geld uit die ekonomiese kringloop, word na verwys as ______.
- Goedere wat nie skaars is nie en geen prys het nie, word ____ goedere genoem.
- Die lengte van 'n sakesiklus word gemeet vanaf ___ tot ____.
- Goedere gekoop van ander lande, word genoem ____.
- Die ______ beleid handel oor belasting en staatsbesteding.

**Antwoord die volgende vrae:**

- Noem TWEE metodes wat gebruik word om BBP te bereken.
- Beskryf kortliks die term produkmark.
- Hoekom word die tendenslyn as 'n aanwyser beskou van die sakesiklus?
- Onderskei tussen Makro-ekonomie en Mikro-ekonomie.
- Verduidelik die Monetaristiese benadering tot sakessiklusse.
- Bespreek die rol van besighede in die ekonomiese kringloop
- Verduidelik die Herstelfase van die sakesiklus
- Verduidelik kortliks die sakesiklusaanwysers.
- Onderskei tussen BBP en BNP.
- Teken 'n volledig benoemde sakesiklus.

### PROBEER LEER

AKTIWITEIT

Gebruik hierdie aktiwiteit om te verseker dat jy die konsepte wat vandag bespreek is, verstaan het. Gebruik jou notas as jy onseker is.
Dit is 'n hersieningsaktiwiteit wat jy in jou eie tyd kan doen.

## INLEIDING

Die volgende onderwerpe sal bespreek word:
Vraag
Aanbod
Prysvorming

### TERMINOLOGIE VAN VRAAG EN AANBOD

| Term | Beskrywing |
|---|---|
| VRAAG | Dit is die hoeveelheid goedere of dienste wat verbruikers gewillig en in staat is om teen 'n gegewe prys te koop op ‘n spesifieke tyd. |
| **AANBOD** | **Dit is die hoeveelheid goedere of dienste wat produsente bereid is en in staat is om teen 'n gegewe prys oor 'n gegewe tydperk te voorsien.** |
| WET VAN VRAAG | Die wet van vraag bepaal dat daar 'n omgekeerde verband is tussen die prys en die hoeveelheid gevra. Dit beteken, wanneer die prys hoog is, sal die hoeveelheid laag wees, en omgekeerd. |
| **WET VAN AANBOD** | **Die wet van aanbod bepaal dat daar 'n direkte verband is tussen die prys en die hoeveelheid verskaf. Dit beteken wanneer die prys hoog is, sal die hoeveelheid verskaf ook hoog wees, en *vice versa*.** |
| SUBSTITUUTGOEDERE | Is ‘n produk wat gebruik kan word in die plek van 'n ander produk om ‘n behoefte te bevredig bv. Coke en Pepsi |
| **KOMPLEMENTÊRE GOEDERE** | **Is ‘n produk wat saam met 'n ander produkte in volgorde gebruik word om 'n behoefte te bevredig, bv. tee en melk.** |

## VRAAGSKEDULE EN VRAAGKURWE

Vraagkromme het 'n negatiewe gradiënt/helling. Dit hel afwaarts van links bo na regs onder.


## FAKTORE WAT DIE VRAAG BEÏNVLOED

- Prys van die produk
- Prys van verwante produkte
- Inkomste van verbruiker
- Smaak en voorkeure van die verbruiker
- Grootte van huishoudings
- Weerstoestande

### VRAAGSKEDULE

| PRYS | HOEVEELHEID AANGEVRA |
|---|---|
| 5 | 20 |
| 3 | 60 |
| 1 | 100 |

### VRAAGKURWE



# AANBODSKEDULE EN AANBODSKURWE

Die aanbodkurwe het 'n positiewe gradiënt.


FAKTORE WAT DIE HOEVEELHEID AANGEBIED BEÏNVLOED

- Prys van goedere of dienste
- Prys van alternatiewe goedere en dienste
- Prys van produksiefaktore
- Stand van die tegnologie

## AANBODSKEDULE

| PRYS | HOEVEELHEID AANGEBEID |
|---|---|
| 1 | 20 |
| 2 | 40 |
| 3 | 60 |
| 4 | 80 |
| 5 | 100 |

## AANBODKURWE




# PRYSVORMING

PRYSVORMING

- Pryse word gevorm deur die interaksie van VRAAG en AANBOD
- Pryse word gewoonlik in 'n mark gevorm
- 'n Mark kan enige plek of situasie wees
- 'n Mark bestaan uit kopers (vraag) en verkopers (aanbod)

| PRYS | HOEVEELHEID AANGEVRA | HOEVEELHEID AANGEBEID |
|---|---|---|
| 5 | 20 | 100 |
| 4 | 40 | 80 |
| 3 | 60 | 60 |
| 2 | 80 | 40 |
| 1 | 100 | 20 |



## OPSOMMING

WAT JY MOET WEET

- Wet van Vraag
- Teken die vraagkurwe deur van 'n vraagskedule te gebruik
- Faktore wat vraag beïnvloed
- Wet van Aanbod
- Teken die aanbodkurwe deur van 'n aanbodskedule te gebruik
- Faktore wat aanbod beïnvloed

WET VAN VRAAG
Wanneer pryse hoog is, neem die hoeveelheid gevra af en wanneer pryse laag is, is daar 'n toename in die hoeveelheid gevra.

Gebruik die volgende vraagskedule om die vraagkurwe te teken.

| PRYS IN RAND | HOEVEELHEID AANGEVRA |
|---|---|
| 1 | 100 |
| 2 | 80 |
| 3 | 50 |
| 4 | 30 |
| 5 | 10 |

WET VAN AANBOD
Meer word teen hoër pryse verskaf en minder teen laer pryse.

Gebruik die volgende aanbodskedule om die aanbodkurwe te teken.

| PRYS IN RAND | HOEVEELHEID AANGEBIED |
|---|---|
| 10 | 100 |
| 20 | 300 |
| 30 | 500 |
| 40 | 700 |
| 50 | 1000 |

## SESSIE 1 | EKONOMIESE KRINGLOOP

### OPSOMMING

WAT JY MOET WEET

Uit die tabel: identifiseer die markewewigsprys en -hoeveelheid
Oormaat aanvraag
Oormaat aanbod

Gebruik die vraag- en aanbodskedules hieronder en teken beide die vraag- en aanbodkrommes op dieselfde asse.

| PRYS IN RAND | HOEVEELHEID AANGEVRA | HOEVEELHEID AANGEBIED |
|---|---|---|
| 12 | 200 | 1100 |
| 10 | 300 | 800 |
| 8 | 400 | 700 |
| 4 | 500 | 500 |
| 2 | 600 | 300 |

VERANDERINGE IN VRAAG EN AANBOD
Die faktore wat 'n toename in die vraag na 'n produk veroorsaak, word verteenwoordig deur 'n verskuiwing na regs van die vraagkromme.
‘n Verskuiwing na regs van die vraagkromme impliseer dat teen elke prys 'n hoë hoeveelheid van 'n produk gevra word as voorheen.
Hierdie faktore is:

- 'n Styging in die prys van 'n plaasvervangerproduk
- 'n Afname in die prys van 'n komplementêre produkte.

Die faktore wat 'n toename in die aanbod van 'n produk veroorsaak, word verteenwoordig deur 'n verskuiwing na regs van die aanbodkromme.
‘n Verskuiwing na regs van die aanbodkromme beteken dat teen elke prys 'n groter hoeveelheid van 'n produk as voorheen verskaf word.
Hierdie faktore is:

- 'n Afname in die prys van insette
- 'n Afname in die prys van 'n alternatiewe produk
- Verbeterde tegnologie
- Verbeterde weerstoestande

# OPSOMMING VAN VANDAG SE KLAS

## Opsomming 01

Vraag speel 'n belangrike rol in die oplossing van die ekonomiese probleme van wat en vir wie om te produseer.

## Opsomming 02

Aanbod speel 'n belangrike rol in die oplossing van die ekonomiese probleme van wat en hoe om te produseer.

## Opsomming 03

Die kragte van vraag en aanbod speel 'n groot rol in die bepaling van die prys van 'n produk. Prys word bepaal waar vraag en aanbod ontmoet ook bekend as markewewig.

## Opsomming 04

Veranderinge in vraag en aanbod beïnvloed die prys van produkte. Veranderinge in die pryse van produkte speel 'n belangrike rol in die oplossing van die ekonomiese probleem van wat, hoe en vir wie om te produseer.